



*"Die Kerk is baie kwesbaar... Hulle kan geteiken word... Keer op keer beweër ekstremiste dat ons die land na 'n Christelike nasie probeer bekeer." –Pastoor Samuel**

Spesiale gebede vir Indië

Week 1: 1-7 Augustus

Gelowiges wat teistering, verwerping en geweld ervaar

Vervolging in Indië styg te midde van die pandemie. Kerkgeboue word aangeval, verwoes en gevandaliseer; en pastore en gelowiges word aangerand, gedreig, deur hulle gemeenskappe uitgesluit en selfs vermoor. Gelowiges vanuit 'n Hindoe-agtergrond word spesifiek geteiken.

BID

- Bid dat gelowiges ten spyte van hierdie uitdagings sterk sal staan in hulle geloof.
- Bid vir voorsiening aan Christene wat in hul dorpe sosiaal geboikot word.
- Bid vir Christene wat rou oor die dood van geliefdes vanweë vervolging, of wat aansterk ná gewelddadige aanvalle op hulle en hul families.

Week 2: 8-14 Augustus

Gelowiges staar vals beskuldigings in die gesig

Verskeie provinsies in Indië het anti-omskakelingswette ingestel, en daar is gerugte dat dit landwyd geïmplementeer kan word. In wese beperk sulke wette godsdiensvryheid en word dit as 'n manier gebruik om teen minderheidsgroepe, soos Christene en Moslems, te diskrimineer. Die afgelope paar jaar is heelwat sake op grond van hierdie wetgewing teen minderheidsgroepe gemaak. Dit kan jare neem voordat vals aantygings geskrap word. Intussen ervaar die beskuldigdes baie druk en moet hulle ook gereeld by die polisie aanmeld.

BID

- Bid vir vertroosting en bemoediging vir diegene wat voortslepende regsake beveg.
- Bid dat dié wat onskuldig gevange geneem is spoedig vrygelaat sal word, en dat hulle God se liefde en teenwoordigheid sal ervaar.
- Bid vir beskerming teen vals aantygings, veral vir kerkleiers en evangeliste.


Week 3: 15-21 Augustus

Vervolgers van gelowiges

Gelowiges in Indië is voortdurend onder druk van hulle families en gemeenskappe om terug te keer na Hindoeïsme. Godsdiensige Hindoe-leiers is een van die hoofbronne van anti-Christen-sentiment wat onder Hindoes versprei. Hindoe-ekstremiste is die "hande en voete" wat druk op Christene uitoefen, met plaaslike dorpenaars wat gewoonlik vyandig teenoor Christene is. Hulle ervaar ook teenkating vanaf die regerende Bharatiya Janata Party (BJP), wat direkte politieke steun aan die Hindutva militante vleuels regoor die land gee.

BID

- Bid en vra vir God om diegene wat gelowiges vervolg se harte te verander sodat hulle sal ophou om gewelddadig teenoor hulle op te tree.



“Ek het Christene baie gehaat omdat ek gehoor het dat hulle vir mense geld aanbied om hulle kultuur en tradisies prys te gee. Wanneer my pad met h Christen s'n gekruis het, het ek hulle aangerand of met vuil taal beledig.” –Pastoor Madan*, h man

wie se lewe God verander het van h vervolger tot h dienskneg van Christus



(Week 3 vervolg)

- Bid dat soos gelowiges groei om meer soos Jesus te word, hulle vir hul vervolgers sal bid.
- Bid dat gelowiges se getuienis en veerkragtigheid daartoe sal lei dat hul vervolgers hulle eie geloof bevraagteken.

Week 4: 22-28 Augustus

Indiese regering

Sedert die huidige BJP-regering in Mei 2014 aan bewind gekom het en in Mei 2019 herverkies is, het die druk op Christene in Indië drasties toegeneem. Sedert hulle aan bewind is, is daar h kragtige alliansie tussen RSS-ekstremiste (h nasionalistiese Hindoe-organisasie bekend vir sy radikale Hindoe-ideologie), die media en regeringsampnare wat saamwerk teen Christenskap. Hierdie alliansie is grootliks verantwoordelik vir die toename in geweld teenoor Christene. Onder hulle bewind kan radikale Hindoes onverpoosd voortgaan met hul aanvalle en hoë vlak van wetteloosheid.

BID

- Bid dat God die Indiese regering se harte sal sagmaak teenoor Christene sodat hulle sonder vrees en vergelding hul geloof kan uitleef.
- Bid dat God die regering se oë sal oopmaak vir die waarheid oor wie Hy is, sodat hulle kan ophou met hul aanvalle op Christene en ander minderheidsgroepe.
- Bid dat die internasionale gemeenskap die situasie van Christene en ander minderheidsgroepe ernstig sal opneem om sodoende met die Indiese regering saam te werk om positiewe veranderinge vir godsdienstige minderheidsgroepe in die land teweeg te bring.



"Ons loop die risiko om die virus op te doen – en om geteiken te word deur diegene wat gekant teen Christene is." –h Geopende Deure-vennoot in Indië

Week 5: 29-31 Augustus

Geopende Deure-vennote in Indië

Geopende Deure se plaaslike vennote in Indië hou te midde van die Covid-19-krisis aan om die vervolge Kerk te dien deur noodsaaklike noodleniging aan diegene wat weens hulle geloof regeringshulp geweier word. Terselfdertyd help hulle steeds gelowiges wat diskriminasie en aanvalle ervaar. Hulle werk kan riskant en uitputtend wees, maar hulle hou getrou aan om vervolgte gelowiges in die land by te staan.

BID

- Bid dat ons plaaslike vennote h seën sal wees vir die vervolgte Christene wat hulle ontmoet, en dat God aan hulle wysheid sal skenk om hierdie gelowiges te dien.
- Bid vir God se beskerming oor ons plaaslike vennote wanneer hulle gevaarlike gebiede betree om Christene te ondersteun en te bemoedig.
- Bid dat die Here vir hulle en hul gesinne geestelik, emosioneel, fisies en verstandelik sal voorsien.

1 Noord-Korea

Noord-Koreane word opgevoed en gebreinspoel met die konsepte van Juche-ideologie (ontwikkel deur Kim Il Sung). Hierdie ideologie leer hulle om die Kim-familie te vereer. Bid dat Noord-Koreane sal besef wie hulle ware Vader God is, wat hulle aan die begin geskep het.

2 Viëtnam

Omdat Viëtnam al meer deel van die wêreldwye ekonomie vorm, gaan die ekonomiese terugslag weens Covid-19 moeilik wees vir dié land. Christene is onder diegene wat deur die ekonomiese afplatting beïnvloed word. Bid vir geleenthede vir hulle om hul ekonomiese welstand te verbeter.

3 Laos

Geopende Deure kon in vennootskap met plaaslike kenners deel wees van seminare en gesprekke oor geloofsvryheid met die plaaslike en provinsiale regering. Prys die Here hiervoor! Bid dat God die harte van die konserwatiewe kommunistiese amptenare meer ontvanklik sal maak.

4 Kasakstan

Sommige lede van die Shanyrak-kerk in Astana word daarvan beskuldig dat hulle Moslems beledig het. Dit is 'n baie ernstige aantying, wat daartoe kan lei dat die kerk toegemaak word en verskeie mense opgesluit word. Bid vir wysheid vir die prokureur wat die kerk met hierdie saak help.

5 Broenei

Bid dat gelowiges in die weermag sout en lig in dié gemeenskap sal wees. Bid

(Broenei vervolg)

dat meer van hulle aktief sal bydra tot nasiebou, om sodoende die sultan van Broenei en ander regeringsleiers te kan beïnvloed – net soos God vir Josef gebruik het om die farao van Egipte te beïnvloed.

6 Indonesië

Bid dat gelowiges ten spyte van vervolging hulle oë gevestig sal hou op die on sienbare en die ewige, en dat hulle hul geloof sal uitleef in dankbaarheid vir God se verlossing. Bid dat hulle Sy Woord wyd sal versprei tussen hulle Moslembure en vriende.

7 Nepal

Bid vir Christene wat as gevolg van anti-omskakelingswette geteister word. Vroeër vanjaar is 'n paar Koreaanse sendelinge gedeporteer nadat hulle skuldig bevind is aan sendingwerk. Bid vir moed en wysheid vir gelowiges om aan te hou om hulle geloof te deel.

8 Maledive

Bid vir Christen-uitgewekenes vanaf Sri Lanka en Indië wat in die Maledive woon, maar nie Moslems is nie. Bid dat hulle vir Moslems die weg na Jesus Christus sal aanwys – wat vir hulle ware vrede kan gee.

9 Sri Lanka

'n Groep mense wat pastoor Jeba* en sy gemeente teenstaan, het 'n houtsaag- en sementblokbesigheid langs sy huis, wat aan die kerkgebou grens, oopgemaak. Die geraas van masjiene eis hulle tol op sy gesin. Bid dat God vir pastoor Jeba en sy gesin krag, vrede en wysheid sal gee om hierdie probleem op te los.

10 Suid-Filippyne

Gedurende die pandemie gaan dissipelskapopleiding vir gelowige

(Suid-Filippyne vervolg)

jongmense voort via aanlynvergaderings. Baie jongmense woon in afgeleë gebiede sonder Internet. Bid dat God sal gee wat nodig is dat die opleiding ook onder hierdie jongmense gedoen kan word.

11 Mianmar

Hierdie land ervaar ernstige onrus sedert die staatsgreep vroeër vanjaar. In Geopende Deure-vennoot, Lwin*, sê: "Baie Christene doen voorbedding vir ons land." Bid saam vir vrede in dié land. Bid dat gelowiges in hierdie tyd in die Woord van God gewortel sal wees.



12 Maleisië

Bid vir Geopende Deure se vennote wat onvermoeid werksaam is in diens van die Maleisiese Kerk. Bid dat God aan hulle wysheid, krag en vrede sal gee. Bid dat hulle sal aanhou om in diensbare hart te hê, en sal aanhou om in Sy weë te wandel.

13 Bhoetan

Mense wat teen Christene gekant is, beskuldig Geopende Deure-vennote gereeld valslik daarvan dat hulle die Covid-19-reëls verbreek. Bid vir ons vennote vir beskerming en wysheid om te weet hoe om vervolgte gelowiges in hierdie uitdagende tyd te ondersteun.

14 China

Daar is heelwat "donker" areas in China se strategie om die Kerk stil te maak, veral in jeugwerk. Prys die Here dat, daar waar dinge donker raak, Jesus se lig helderder skyn en die donkerte verdryf. Bid dat die jeug in China al meer aangetrokke sal wees tot die ware lig – Jesus.

15 Guinee

Rachel (19), wat by haar uitgebreide familie woon, is laasjaar betrap toe sy tuis besig was om haar Bybel te bestudeer. Rachel het geweet haar lewe is in gevaar en het weggehardloop. Bid dat God vir Rachel en almal wat haar veilig hou sal beskerm.

16 Sentraal-Asië

Hou aan om vir Chalpona* te bid, wie se Moslemseuns wil hê dat sy haar geloof moet prysgee. Sy het gesê haar seuns moet voorgee dat hulle haar nie ken nie as hulle bekommerd is oor wat mense van haar gaan sê, waarna hulle voorwerpe in haar huis gebreek het. Bid vir krag vir Chalpona terwyl sy hierdie teenstand ervaar.

17 Kameroen

Weens die onophoudelike aanvalle van Boko Haram, het baie mense besluit om eerder na die berge te trek, waar hulle met skerpioene en slange te doen kry. Bid vir God se voorsiening en beskerming vir hierdie gelowiges.

18 Ethiopië

Toe Haman (76) vroeër vanjaar na Christenskap bekeer het, was die mans in sy dorp kwaad omdat hy hul tradisionele geloof verlaat het. Hulle het sy gewasse verwoes, sy vee gevat en gedreig om hom en sy gesin dood te maak. Bid dat die Here vir Haman, sy gesin en die kerk waar hulle skuiling gevind het, sal beskerm.

19 Kenia

Leah* se tienerdogter, Hubba*, is verlede jaar verkrag. Die ouer garde van hulle Moslemgemeenskap wou Hubba dwing om met die oortreder te trou, maar haar ma het geweier. Bid vir die Here se volgehoue genesing vir Hubba en dat Hy vir Leah wysheid sal gee om haar dogter te help groei.

20 Somalië

Verlede jaar het Ub* se man haar geskei nadat hy uitgevind het van haar bekering na Christenskap. Sy het gesukkel om vir haar nege kinders te sorg. Ten spyte hiervan word sy steeds as bevoorreg beskou omdat sy nog lewe. Bid vir veiligheid, beskerming en voorsiening vir Ub en haar kinders.

21 Comore

Sylvie*, 'n Christen-ma en haar twee dogters, word in hierdie land met sy Moslem-meerderheid al meer onder druk geplaas om Islam-onderrig by te woon. Bid dat die Here aan haar wysheid sal gee oor hoe om hierdie druk die beste te hanteer.

22 Demokratiese Republiek van die Kongo

Die Alliansie van Demokratiese Magte vermy besige dorpe, maar het amper totale beheer oor plattelandse gebiede waar die meeste mense Christene is. Bid vir wysheid vir pastore wat hulle kuddes in hierdie onsekere en gevaarlike omstandighede bedien.

23 Eritrea

Die owerhede het in Februarie 21 Christen-vroue uit die tronk op Dahlak-eiland vrygelaat nadat hulle vir drie jaar en drie maande in gevangenskap was. Dank die Here vir hulle vrylating. Bid dat die Here vir hulle sal voorsien terwyl hulle die



(Eritrea vervolg)

ontberinge verwerk wat hulle in die tronk ervaar het.

24 Bangladesj

Die meeste werkers, insluitend gelowiges, het min of geen opleiding nie en is onbewus van hulle regte. Baie gelowiges ervaar diskriminasie vanaf hulle werkgewers. Bid dat die Here in hul werkgewers se harte sal werk sodat hulle nie op grond van geloof teen hulle werkers sal diskrimineer nie.

25 Algerië

In 2020 moes kerke wat nie weens druk van die staat toegemaak het nie, wel as gevolg van Covid-19-regulasies toemaak. Dit het gelowiges sonder 'n bymekaarkomplek gelaat. Bid vir krag vir geïsoleerde gelowiges wat geen ander Christene om hulle het om hulle te bemoedig nie.

26 Iran

Die impak van die pandemie het bygedra tot verhoogde eise vir ons traumaberaders. Bid vir hulle, veral vir wysheid en sensitiwiteit, omdat elke persoon se situasie anders is. Bid ook dat die hulp wat aangebied word 'n beduidende impak op beter geestesgesondheid sal hê.



27 Libanon

Sommige kinders en tieners was die afgelope jaar glad nie skool toe nie. Internet-verbindings is dikwels baie swak, so hulle het dus geen opsies om lesse aanlyn te volg nie. Bid dat die Kerk h verskil vir hierdie kinders en tieners kan maak.

28 Arabiese Skiereiland

Diegene wat soekend is en Gelowiges vanuit h Moslemagtergrond het maklike toegang tot verskeie mediaplatforms en materiaal wat hul geloof help versterk. Maar die verskillende leerstellings en interpretasies kan verwarrend wees. Bid dat nuwe gelowiges met Bybels-gegronde mediabronne en individue verbind sal word.

29 Sirië

Die mense van Sirië kry steeds baie swaar. Brood en medisyne sal hulle nie gesond kan maak nie, maar ons harte en hulle harte sal genees word wanneer ons tot Jesus uitroep. Bid Psalm 51:1-2, 7-9 oor hierdie land.

30 Colombië

Covid-19 en die gepaardgaande isolasie het ons werk in die Kerk in landelike gebiede beïnvloed. Dit is waar die ergste vervolging van Christene in Colombië plaasvind. Onwettige groepe het die beperkings in hierdie gebied uitgebuit en die bevolking verder onderdruk. Bid vir beskerming vir ons spanlede, wat die Kerk in gevaarlike plekke bestaan.

*Verteenwoordigende foto's is gebruik en name is weens sekuriteitsredes verander.

Alle inligting was korrek teen druktyd.

Vervolg  Maar nooit alleen.



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa
www.opendoors.org.za

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

E southafrica@od.org

 064 867 4730